**Maandag 1 Desember**
**Skrifgedeelte: Esegiël 36:21-38**
**Fokusgedeelte: Esegiël 36:21-23**
**Die Here het ons om Christus wil herstel**

God se volk wat in ballingskap weggevoer is terwyl die stad Jerusalem vernietig is, was in 'n wanhopige toestand. Dit alles was as gevolg van hulle sonde. Tog skyn daar ligstrale van verligting op die horison wanneer die Here sy volk beloof dat Hy hulle sal herstel. Hy sal hulle as volk herstel (vs 24), maar Hy sal ook die harte van sy volk herstel (vs 26-27). Ook sal Hy die ekonomie van die volkslewe herstel wanneer hulle terug is in hulle land (vs 28-30).

Het die volk uit hulleself enige rede vir hierdie herstel gehad? Nee, Israel het steeds 'n sondige volk gebly. Die rede vir die herstel word duidelik genoem: Die Here doen dit nie ter wille van Israel nie, maar ter wille van Homself, ter wille van sy heilige Naam (vs 21-23). Ter wille van sy eer alleen herstel die Here sy heilige Naam onder die nasies.

As gelowiges kan ons ook weet die Here het ons om Christus ontwil herstel. Hy het ons gered, nie deur enige oorsaak uit onsself nie. Hy het dit gedoen uit sy eie welbehae, ter wille van sy Naam en eer. Ons wat niks anders as God se ewige straf verdien nie, is deur die Koning van die konings en Heer van die here opgehef en herstel tot skape van sy kudde. Hy wat soewerein oor die nasies en sy volk regeer het vrymagtig ons harte verander en aan ons sy Gees gegee sodat ons Hom sal loof en prys. Laat ons daarom ook bloos en skaam wees oor ons sonde (vs 32) en ons voortdurend voor Hom verootmoedig. Laat ons dan opstaan en uit dankbaarheid in die Here jubel wat ons gered het en sy heilige Naam in die wêreld bely.

*Sing: Psalm 113-1:1, 2, 3*
*Dr. JD (Juan) Mienie (Zeerust)*